

Dagstuk

Ons is saam aan die dink oor hoe ons God hoor in hierdie tyd. Vandag wil ons dink oor die krag van woorde en hoe God dalk deur ons woorde in die wêreld hoorbaar kan wees.

Dallas Willard - What is essential to a person's word is the meaning given to it by that person, the thought feeling, or action that person associates with it – through our word we literally give to others a piece of our minds – the power of the word lies in the personality that conveys it.

Teks: Mat 12: 33-37

Jesus is besig om die mense meer te leer oor die koninkryk.

Jesus herinner dat die dinge wat ons sê, die woorde wat by ons monde uitkom 'n openbaring is van dit wat in ons harte is – die soort woorde bepaal hoe die hart lyk..en die gesindheid binne ons harte moet geïnspireer wees deur die HG. Die hart is die oog van die fontein die woorde die stroompie wat vloei....

Mat 12: 34 – waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Op die ou einde leef ek en jy eintlik in 'n koninkryk van woorde, ek bedoel ons leef in 'n netwerk van verhoudings en God se koninkryk gebeur deur woord en daad – die vrugte wat jou woorde dra.

En as ons sukkel kan ons maar net onthou - God het woord by daad gevoeg deur Jesus Christus – die woord het mens geword....vlees en bloed....God het op die ou end gesê ek sal julle wys hoe om woord by daad te voeg, oor te gaan tot aksie, liefde te spreek – ek sal sommer hierdie in julle plek doen dan kan julle met julle lewe probeer om dieselfde te doen....

'n Paar vrae:

- Dink oor en vertel vir mekaar hoe jy dalk al seer gekry het deur iemand anders se woorde?
- Hoe kan ons mekaar help om die woorde wat ons gebruik meer betekenis te gee?

**SUIDER-PAARL
GEMEENTE**

*Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...*